

## 5 Maart

**Skrifgedeelte: Handeling 15:1-11**

**Fokusgedeelte: Handeling 15:3 (1933/53- en 1983-vertaling)**

### **Jy mag ook glo**

Die wonderlike nuus van heidene wat tot bekering gekom het, is met twee uiteenlopende sienswyses begroet. Aan die een kant was daar diegene wat bly was. Daar was egter ook sommiges wat ontsteld was.

Die rede vir hulle onsteltenis was tweeledig. Eerstens: 'n geestelike hoogmoed. Deur aan te dring daarop dat die heidene ook besny moet word en die wet van Moses moet onderhou, eien hulle hulself nie net die reg toe om self te bepaal wanneer iemand dan nou werklik 'n gelowige is nie, maar hulle stel hulself ook bo diegene wat nie aan die vereistes voldoen nie. Die tweede deel van hulle onsteltenis was egter geestelike armoede. Deur aan te dring daarop dat die heidene wat tot bekering gekom het soos hulle moes wees, het hulle inderwaarheid die krag van die Heilige Gees en die verlossing alleen in Jesus Christus misken.

Petrus antwoord egter hulle geestelike hoogmoed en armoede. In vers 10 wys hy hulle daarop dat hulle hulself nie op die onderhouding van die Wet kan beroep nie, omdat hulle dit self nie kon onderhou nie. Hulle is nie beter as die heidene wat tot geloof gekom het nie. En in vers 11 maak hy dit duidelik, dit is nie net die heidene wat alleen in Christus gered kan word nie, maar ook hulle.

Uiteindelik stel hy die bewys dat die nuwe geloof van die heidene tog iets is om oor bly te wees, en dit is die werking van die Here. Die krag van ons geloof en ander se geloof is nie wat ons self kan doen nie, maar die Here wat deur die Heilige Gees kragtig werk om ons in Christus by Hom te bring.

Sien dit vir jouself, en soek dit vir ander.

*Sing: Psalm 33:11 (1936)*

*Ds. AP (André) de Jager (Klerksdorp-Noord)*